

13 Januarie

Teksgedeelte: 1 Samuel 7:1-17 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Samuel 7:3, 12 (OAV)

Die Here is altyd 'n vaste anker

Die hooforsaak van Israel se probleme met die Filistyne is nie die Filistyne nie, maar Israel se sonde van oneerbiedigheid en afvalligheid teenoor die Here. Deur die Filistynse onderdrukking lei God hulle terug na Hom toe. Die profeet Samuel gee vir hulle die oplossing van hulle probleme: Bekeer julle met julle hele hart tot die Here, Hy sal julle red (7:3). Bekering beteken: Verwyder die afgode onder julle uit; rig julle hart op God; dien Hom alleen.

Die volk bekeer hulle tot die Here. Samuel roep hulle op om by Mispa byeen te kom en nie by Kirjat-Jeárim, waar die ark staan nie. Hy wil hulle juis leer dat God nie net by die ark is en dáár aanbid moet word nie. Die handeling van water uitgooi en die vas (7:6) dui albei daarop dat die volk hulle voor God wil leegmaak van hulle sondes. Hulle bely hulle sonde voor God.

Weereens laat God die Filistyne op hulle toesak, maar hierdie keer gee God die oorwinning sonder slag of stoot aan die Israeliete. Deur bonatuurlike donderweer bring die Here verwarring onder die Filistyne en oorwinning vir sy volk. Ná die veldslag gee Samuel die eer aan die Here terug met die gedenksteen wat hy Ebenhaéser noem: "Tot hiertoe het die Hére ons gehelp." Hy is altyd 'n Helper in nood.

Die Ebenhaéser-steen word tussen Mispa en Sen opgerig. Mispa is 'n bekende plek, maar Sen kon nog nooit op 'n kaart aangedui word nie; dus, tussen die bekende, belangrike plek en die onbekende of onbelangrike plek rig Samuel die "Klip-van-hulp" op. Hy sê as 't ware daarmee: In groot én klein krisisse en dingetjies in ons lewe, help die Here altyd sy kinders.

Die Here is altyd 'n vaste anker op ons lewensvaart. Vertrou dus altyd op hierdie enigste ware God! Die Here Jesus het oorwin! Hy kom weer!

Sing: Psalm 116:1 Ds AH Stavast (Mosselbaai)